

kwadsprek nie; 40 want wie nie teen ons is nie, is vir ons. 41 Want elkeen wat vir julle in my Naam 'n beker water gee om te drink, omdat julle aan die Messias behoort, amein Ek sê vir julle, hy sal sy loon beslis nie verloor nie. 42 En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gewerp word. 43 En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in Ghehenna<sup>1</sup> te gaan in die onuitbluslike vuur.<sup>2</sup> 45 En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in Ghehenna<sup>3</sup> gewerp te word. 47 En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van Elohiem in te gaan, as om twee oë te hê en in die Ghehenna<sup>4</sup> van vuur gewerp te word, 48 waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. 49 Want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word. 50 Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak? Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar.

**Markus 10:1** En Hy het opgestaan en daarvandaan deur die oorkant van die Yarden na die gebied van Yehudah gegaan; en weer het 'n skare by Hom vergader; en soos Hy gewoon was, het Hy hulle weer geleer. 2 Toe kom die Perushiem na Hom; en, om Hom te versoek, stel hulle Hom die vraag of dit 'n man geoorloof is om van sy vrou te skei? 3 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Wat het Mosheh julle beveel? 4 En hulle sê: Mosheh het toegelaat om 'n skeibrief te skryf en van haar te skei. 5 En Y'shua antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie gebod geskryf, 6 maar van die begin van die skeping af het Elohiem hulle man en vrou gemaak.<sup>5</sup> 7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, 8 en hulle twee sal een vlees word,

sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.<sup>5</sup> 9 Wat Elohiem dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. 10 En in die huis het sy dissipels Hom weer oor dieselfde saak gevra. 11 En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar; 12 en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk. 13 En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. 14 Maar toe Y'shua dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van Elohiem. 15 Amein Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van Elohiem nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. 16 En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën. 17 En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? 18 En Y'shua sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik Elohiem. 19 Jy ken die gebooië: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodmaak nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.<sup>6</sup> 20 Maar hy antwoord en sê vir Hom: Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. 21 En Y'shua het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort – gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier en volg My. 22 Maar hy het treurig geword oor hierdie woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad. 23 Toe kyk Y'shua rond en sê vir sy dissipels: Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van Elohiem ingaan! 24 En die dissipels was verbaas oor sy woorde; maar Y'shua antwoord weer en sê vir hulle: Kinders, hoe moeilik is dit om in die koninkryk van Elohiem in te gaan! 25 Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van Elohiem in te gaan. 26 En hulle was

<sup>1</sup> 9:43 Sien nota by Matt 5:22.

<sup>2</sup> 9:43 Die volgende woorde, wat in sommige vertalings twee maal in hierdie gedeelte (as vers 44 en ook as vers 46) voorkom, is nie deel van die mees oorspronklike tekste nie: "waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie."

<sup>3</sup> 9:45 Sien nota by Matt 5:22.

<sup>4</sup> 10:6 Vgl. Bereshiet 1:27

<sup>5</sup> 10:7-8 Vgl. Bereshiet 2:24

<sup>6</sup> 10:19 Vgl. Shemot 20:12-17